LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

13-03-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 10 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **ATLETIEK 2017:**
Baie sterkte aan Marli Schoeman wat aan die SA Kampioenskappe gaan deelneem op 23-25 Maart 2017!

2 **NETBAL**:
- Netbaltoer vir 0/13 span is vanaf 10-12 April te Roodeplaat.
- LIGA WEDSTRYDE:

2 Mei	Vryheidsmonument	Tuis
4 Mei	DF Malherbe	Weg
9 Mei	Loslootjie	-
11 Mei	Kollegepark	Tuis
16 Mei	Emfulenipark	Tuis
18 Mei	Midvaal	Weg
23 Mei	Risiville	Weg

3 **RUGBY:**
- Pa- en-Seundag is Saterdag, 22 April by Loftus - Blou Bulle VS Cheethas.
- Die 0/9 tot 1ste rugbyspanne, speel Donderdag, 16 Maart in Delmas. Alle busbriewe moet teen Woensdag reeds terug wees by die afrigters.
- 17-20 Maart: Die 0/10; 0/11 en 1ste spanne toer Nyati toe. Baie sterkte aan die seuns. Finale reëlings sal in die week aan hulle deurgegee word.

4 **SKAAK**:
- Die D7 liga vind plaas op 22 April by Laer Volkskool.
- Die skaak ranglys sal vanaf Woensdagmiddag beskikbaar wees. Hulle kan dan begin daag.

5 **TOUTREK**:
Oefening is Dinsdag en Donderdag vanaf 15:00 - 16:00.

6 **KOOR**:
Juniorkoor oefening: Maandag vanaf 14:00 - 14:50.
Seniorkoor oefening:
Woensdag, 15 Maart 14:00 - 15:15;
Woensdag, 22 Maart 14:00 - 15:45
Woensdag, 29 Maart 14:00 - 15:45
* Seniorkoor hou Vrydag, 5 Mei oop vir oefening vanaf 14:00 - 20:00. Almal moet teenwoordig wees.

7 **DISKONTO BOEKUITSTALLING:**
Diskonto boeke kom weer van hulle boeke uitstal in die Mediasentrum vanaf 21 -24 Maart van 08:00 tot 15:00. Ouers en leerders kan kom boeke aankoop teen 'n baie billike prys.

8 **VOLKIE NUUSBULLETIN:**
Stuur asb. ALLE deelname en prestasies van u kind/ers se buitesporte na helenebotha@laervolkskool.co.za voor of op 16 Maart 2017.

9 **WEBBLAD:**
Ons wil graag ons Volkie ouers se besighede op ons webblad bemark, sodat ons u kan ondersteun. U kan u besigheidskaartjie of u inligting stuur na helenebotha@laervolkskool.co.za.

10 **NASKOOLSENTRUM**:
Op reëndae, sal die motorhek in Voortrekkerstraat, vanaf 16:00 oop wees vir ouers om hul kinders op te laai by die Naskoolsentrum.

11 **SKOOLREKENINGE**:
U skoolrekening sal vandag, 13 Maart, aan u ge-epos word. Indien u dit nie ontvang nie, stuur asb 'n epos na finansies@laervolkskool.co.za, met u skoolrekeningnommer as verwysing.

12 **LANGNAWEEK**:
Die skool verdaag Vrydag, 17 Maart om 12:45 vir die Graad RR, R, 1 - 3 en 13:00 vir die Graad 4-7 leerders.

13 **RAPPORTE**:
Rapporte word Donderdagaand, 30 Maart vanaf 17:00 by die klasonderwysers uitgedeel.

14 **HARTKLOP**:
Donderdag, 30 Maart 2017, mag die leerders gewone klere aantrek @ R10 & ELKEEN MOET ASB 'N BLIKKIE KOS INHANDIG BY HUL KLASONDERWYSER vir ons behoeftige gesinne.

15 **Zoë SKOOL:**
Daar word op 1 April 'n Outisme Dagmark gehou van 09:00 - 13:00 op h/v Zuid en Plein str in Rensburg. Stalletjies is beskikbaar teen R100 en belangstellendes kan Mariechen kontak by 082 5540746.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF